

# Godsdien kan dodelik gevaarlik wees!

## Jesaja 58:1-10-



[https://unsplash.com/photos/\\_q5qP0PkfKg](https://unsplash.com/photos/_q5qP0PkfKg)

### I

Dit is die Sondag voor Aswoensdag, die begin van die lydenstyd. Die Skriflesing vir vandag se preek kom uit Jesaja 58, wat in die derde afdeling van die boek Jesaja val. Die eerste deel van die boek gaan oor die volk wat in ballingskap uit Jerusalem weggevoer is. Die tweede deel van Jesaja handel oor die Here se verlossingspad vir hulle, terug Jerusalem toe. En die derde deel van die boek gaan oor die volk wat nou weer terug is in Jerusalem, terug by die tempel, by die plek waaroor hulle jarelank gedroom het ... en tog ervaar hulle daar teleurstelling. Want dit gaan nie goed met hulle nie. Die terugkoms in Jerusalem in vol ontnugtering; die gemeenskap val uitmekaar, daar is onreg en stryd, korrupsie en uitbuiting, armoede en swaarkry; dit lyk asof God nie meer in Jerusalem te vinde is nie. Iets groots is fout...

Dan stuur die Here sy profeet na hulle toe. Die Here stuur Jesaja met 'n kwaai boodskap, ongewilde mededelings, 'n boodskap wat die sonde en ongeregthede moes gaan ontmasker, die skyn gaan blootlê. Dié boodskap moes die profeet gaan uitbasuin, uit volle bors moes hy dit gaan uitroep, hy moes sy stem verhef soos 'n ramshoring, was God se opdrag. Want dis nie vir mense maklik om die waarheid in die oë te kyk nie, die realiteit van hulle eie boosheid in die gesig te staar nie. Mense wil eerder in ontkenning leef, gesus, 'n boodskap van vrede, vrede hoor. Daarom kon die profeet nie fluister nie, hy moes dit maar uitskreeu.

### II

Wat was die fout? Waarom het dit in Jerusalem so sleg gegaan? Wat was dit wat die profeet moes gaan ontmasker?

Hy moes hulle vrome Godsdien as skyngodsdien gaan ontmasker, hulle skynheiligheid gaan blootlê. Hulle danige gehoorsaamheid was in werklikheid 'n stuk ongehoorsaamheid. Hulle

skynbare liefde vir God was niks anders as selfliefde nie. Hy moes vir hulle gaan uitwys dat Godsdienst dodelik gevaarlik kan wees.

Dat die teruggekeerde ballinge in Jerusalem wel heel godsdienstig was, dit kon niemand ontken nie. Hulle het al die regte dinge gedoen. Hulle het hulle eintlik beroem op hulle gehoorsaamheid aan die Here se wet. Hulle het gebid voor hulle besluite geneem het, gevra na die Here se wil. Hulle het graag tempel toe gegaan – dit was lekker om die Here se teenwoordigheid op te soek. Hulle het hulle gereeld verootmoedig en hul sondes bely. Hulle het gereeld gevas – die vas as simbool van afhanklikheid van die Here.

So goed het hulle hul kant gebring, dat hulle God eintlik bietjie kwalik geneem het: kyk, ons doen alles van ons kant af, maar Here U bring nie u kant nie! "Waarom vas ons, Maar U sien dit nie, verootmoedig ons ons, maar U gee nie aandag daaraan nie?" (vers 3)

### III

Dan antwoord die Here hulle. Self wys hy die groot fout met dit alles uit, lê God die vinger op die seerplek. Julle doen al hierdie godsdienstige pligte eintlik maar net om God te probeer beïndruk, en julle medemense. En julle doen dit vir julleself, vir wat dit julle in die sak bring. Godsdienstigheid vir julle eie voordeel, julle eie voorspoed, ter wille van die seëninge uit die hemel – dis nie groot fout. Dáár lê die wortel van dit wat verkeerd is, die dood in die pot van Godsdienst! Dit maak van Godsdienst 'n skyngodsdienst, 'n onegte handeling, 'n leë dop. Julle Godsdienst het in werklikheid self-diens geword. Want dit gaan nie regtig oor God en julle naaste nie; dit gaan oor julleself.

En dit maak dat ons ewe vroom godsdienstig kan wees op 'n Sondag, maar in die week leef ons maar net soos die wêreld, net so korrup. Dit maak dat ons tempel toe kom, na die Woord kom luister, bid, selfs vas, ernstig vas soos die spottende woorde van vers 5 dit uitdruk: "die nek buig soos 'n biesie en in sak in as sit" ... en tog doen ons niks vir ander mense in nood nie, ons soek nie doelbewus geregtigheid nie, raak nie betrokke by armes en verslaafdes nie, by mense in die gevangenis nie, deel ons nie ons brood met honger mense nie, ons klere met hulle sonder klere nie, pla dit ons nie dat soveel mense sonder 'n dak oor hulle kop is nie ... eintlik is ons Godsdienst maar net gerig op en begaan oor ons eie oorlewing en voorspoed. Godsdienstigheid word eers egte Godsdienst as dit ons betrokke laat raak by die nood en onreg in ons stukkende wêreld, as ons onself begin prysgee sodat ons kan help om van ons wêreld 'n beter plek te maak, 'n beter plek vir ons almal. Daarsonder bly al ons Godsdienstigheid betekenisloos, skyn-vroomheid.

### IV

Dit was nie 'n maklike boodskap wat die profeet moes bring nie. Dit was nie wat die mense toe wou hoor nie. Dis vandag dalk nog net so 'n moeilike boodskap. Want dis presies wat Godsdienst in ons dag meestal geword het, 'n skyn diens aan God, valse diens, terwille van die seën wat ekself daaruit kan kry, my eie gesondheid en welvaart – kyk maar net hoe gewild is die kerke wat 'n welvaartsgodsdienst beoefen. 'n Vreeslike vroom aanbidding, terwyl mense eintlik maar onbetrokke bly by die geweldige nood in die wêreld rondom ons. Dis dan wanneer ons daarop roem dat ons 'n sogenaamde Christelike land is, maar in der waarheid seëvier die bose, val alles uitmekaar, breek mense stukkend.

### V

En tog eindig alles in die hoofstuk nie so negatief, so onthutsend nie. Hier gedeelte eindig met 'n wonderbaarlike belofte. Vanaf vers 8 lees ons daarvan. As ons Godsdienst in die eerste plek weer diens aan God en aan ander word, gedring deur die liefde vir God en ons naaste, as dit

nie meer net om myself, of onself gaan nie, dan belowe die Here vir die teruggekeerde ballinge in Jerusalem, en vir ons vandag seëninge. Hoor net die aangrypende woorde in vers 8 en 9: "dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom. Dan sal jy roep en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek!

Godsdiens kan dodelik gevaarlik wees. As dit om myself gaan, in die eerste plek om my eie seën. Maar Godsdiens kan ook eg wees, gemotiveer deur egte liefde vir God en ons naaste, 'n selflose diens aan God en ander ... en dan hou dit die verrassing in: dit word 'n ontmoeting met die lewende, seënende God, wat ook vir my sorg en seën.